+27 28 514 8500
info@swellendam.gov.za
swellenmun
www.swellendam.gov.za
+27 28 514 2694

49 Voortrek Street, Swellendam | P.O Box 20, Swellendam 6740

**UITNODIGING VIR AANSOEKE OM OP DIE OUDIT EN PRESTASIE OUDITKOMITEE TE DIEN VIR 'N PERIODE VAN DRIE JAAR (x3)**

Aansoeke word ingewag vir die aanstelling van bevoegde persone om op die **Swellendam Munisipaliteit se Oudit en Prestasie Ouditkomitee** te dien.

Die **Swellendam Oudit en Prestasie Ouditkomitee** is 'n statutêre komitee ingestel ingevolge Artikel 166 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet no 56 van 2003), soos gewysig. Komiteelede sal verantwoordelik wees om die munisipale raad, die rekenpligtige beampte, politieke ampsdraers en bestuur te adviseer ten opsigte van sake wat verband hou met interne finansiële beheer, interne oudit, prestasiebestuur, doeltreffende regering, nakoming van die MFMA en ander sake in lyn met die Ouditkomitee handves.

**Vereistes:** Kandidate moet in besit wees van 'n toepaslike drie jaar graad/ kwalifikasie in Rekeningkunde/ Ouditkunde/ Finansiële Bestuur/ Risiko Bestuur/ Prestasiebestuur/ Administrasie/ Wetgewing.

**Ondervinding en vaardighede:** Private en openbare sektor ervaring ● Begrip van dienslewering prioriteite ● Goeie bestuur en finansiële bestuur ervaring ● Begrip van die rol van die raad ● Begrip van die bedrywighede van munisipaliteit ● Ondervinding in risikobestuur praktyke ● Begrip van interne beheermaatreëls ● Begrip van rekeningkundige praktyke en verslagdoening vereistes in die openbare sektor ● Vertroudheid met munisipale wetgewing ● Verstaan die rol van die interne en eksterne ouditeure ● Begrip van prestasie bestuurstelsel.

Die aanstelling uit die aansoeke ontvang, sal deur die Swellendam Munisipale Raad onderneem word. Die aanstelling is vir 'n tydperk van drie (3) jaar, waarna die termyn verleng kan word vir 'n verdere tydperk van drie (3) jaar slegs op die diskresie van die Raad. Lede word vergoed volgens tariewe soos van tyd tot tyd voorsien deur Nasionale Tesourie.

Om aansoek te doen, stuur 'n omvattende *Curriculum Vitae (CV)* met 'n dekbrief aan die Munisipale Bestuurder, Swellendam Munisipaliteit, Posbus 20, Swellendam, 6740 of elektronies aan e-posadres ashwinp@swellendam.gov.za

Let wel: Gewaarmerkte afskrifte van u kwalifikasie(s) word vir keuring vereis en moet u CV vergesel. Aansoekers wat nie al die ondersteunende dokumentasie indien nie, sal nie vir hierdie pos oorweeg word nie.

**Sluitingsdatum: Vrydag, 16 Februarie 2024**
Verdere inligting kan bekom word by Mnr A. Petersen, Senior Interne Ouditeur, by 028 514 8500.

**Posbus 20**
**SWELLENDAM**
**6740**
**KENNISGEWING A1/2024**

**MS. A. VORSTER**
**MUNISIPALE BESTUURDER**